

# STELLENBERG GEMEENTE

DATUM : 02 AUGUSTUS 2020

TEKS : LUKAS 10:25-37

TEMA: BARMHARITIGHIED AS KARAKTERTREK

## WELKOM & AFKONDIGINGS: RENE

## VOTUM EN SEENGROET: CALLIE

Juig tot eer van die Here, almal op aarde! <sup>2</sup> Dien die Here met blydschap! Kom voor Hom met gejubel!  
<sup>3</sup> Erken dat die Here God is: Hy het ons gemaak en ons is Syne, ons is sy volk, sy eie kudde. <sup>4</sup> Gaan sy poorte binne met dankliedere, sy tempel met lofsange, dank Hom, prys sy Naam, <sup>5</sup> want die Here is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie, sy trou duur van geslag tot geslag.

## SEËNGROET

Mag die Here jou seën

Hy wat hemel en aarde gemaak het. Mag Hy jou seën

Hy wat aan die kruis vir jou sondes gesterf het. Mag Hy jou seën

Hy wat deur Sy inwonende krag weer vir jou hoop gee. Mag Hy jou seën

## LUISTER NA LIED: RENE

## GEBED: WHY

## LEES TEKS: MARIUS

- Lees Lukas 10:25-37

## WOORDVERKONDIGING: RENE

### INLEIDEND

Die woord '**barmhartig**' kom omtrent so **50 keer** in die **Bybel** voor. Dit word saam met **woorde** soos '**genadig, lankmoedig, getrou, liefdevol en regverdig**' gebruik. In **Engels** word dit **dikwels vertaal** met "**mercy/merciful**" – wat iets beteken soos 'jy kry nie die **straf** wat jy **verdien** nie.'

In die middel van die woord barmhartigheid staan die woordjie: "Hart". Dis presies wat God ook van ons verlang! Om 'n **sagte, warm hart** vir **ander** te hê. Hy wil hê dat ons ook vir ander mense in nood, op dieselfde manier sal omgee as wat Hy vir ons as mens omgee!

Barmhartigheid is dus in die eerste plek 'n innige meegevoel met die nood en die swaarkry van ander mense, en in die tweede plek is dit ook die aksie wat onderneem word om die ander persoon se nood te verlig. Soos ons vanoggend gelees het.

### DIE SAMARITAAN SE BARMHARTIGE HART

In die **verhaal** van "Die **barmhartige Samaritaan**" verduidelik Jesus iets hiervan deur die **Samaritaan** as '**barmhartig**' te beskryf – in sy **karakter** maar veral dan in sy **dade**. **Jesus** het **gelykenisse** gebruik om bepaalde **beginsels** van God se **koninkryk** aan mense oor te dra. In hierdie **gelykenis** is Jesus in **gesprek** met 'n **wetgeleerde oor wie** sy **naaste** is. Jesus **vertel** dan die **gelykenis** om die **wetgeleerde** se **vraag** te **beantwoord**.

Daar word duidelik **twee uiteenlopende karaktertrekke** in hierdie gelykenis gekommunikeer. Aan die een kant die **houding** van die **priester** en die **Leviet** wat die **beseerde ignoreer**. Die **priester** en **Leviet**, wat albei **vooraanstaande posisies** in die **Joodse samelewing** beklee het, sou 'n mens **verwag** om **medelye, deernis** en **ontferming** teenoor die **beseerde** te **betoon**. Hulle is egter **afsydig, onbetrokke**, hulle vermy **kontak** met die **beseerde**, laat hom aan sy **eie lot oor** en **gaan** by hom **verby**.

**Teenoor hulle** staan **iemand** wat in die **oë** van die **Jode** 'n **veragte Samaritaan** was – 'n **vyand**, iemand **buite** die **kring** van **dié** wat vir hulle **aanvaarbaar** was. Hy, **teen** alle **verwagting** in – die Samaritaan, van **alle mense**, – sien die **man** raak en raak **betrokke** omdat hy die karaktertrek van barmhartigheid het. In hierdie gelykenis sien ons dus aan die eenkant totale ignorering van 'n

persoon in nood teenoor die anderkant iemand wat stilstaan by die nood van 'n persoon. Dit konfronteer my vanoggend met die vraag: Waar plaas ek myself vanoggend? Is barmhartigheid 'n karaktereienskap van my?

## HOE LYK BARMHARTIGHEID AS KARAKTERTREK?

Barmhartigheid is een van die mooiste dinge wat 'n mens aan 'n ander mens kan doen. Dit is om met God se liefdeshart iemand anders te bederf. Barmhartigheid begin daar waar jy mense sien soos God hulle sien. Wanneer jy dit doen, hanteer jy mense anders: met deernis, met liefde en sorg – en het jy vir seker 'n impak op hulle lewens! God se liefde in ons harte maak dat ons eie hart en hande oop gaan vir ander. Barmhartig beteken: jy voel iets vir hulle wat swaarkry: As ek barmhartig is, dan is daar 'n sekere ingesteldheid in my hart en gemoed teenoor hulle wat in nood is.

Omgee vra van ons om oë en 'n hart vir ons naaste te hê, en dan om hande en voete aan ons gevoel van barmhartigheid te gee soos ons lees in **1 Joh 3:17**: *"Wie aardse besittings het en sy broer [of suster] sien gebrek ly, maar geen gevoel vir hom [of haar] het nie – hoe kan die liefde van God in hom wees?"*

## BARMHARTIGHEID AS DOEN-AKSIE

Om bloot 'n barmhartigheid as karaktertrek te hê, sonder dat daar barmhartige dade uitgroei, beteken niks. Omgee is 'n lewe van diens, 'n lewe waarin ander mense se belange vir jou net so swaar weeg soos jou eie, 'n lewe waarin jy jou hulpbronne, tyd, invloed en vaardighede gebruik om ook vir ander te sorg. In **Jakobus 2:15,16** staan hierdie woorde: *"Sê nou daar is 'n broer of suster wat nie klere het en dag vir dag honger ly, en se nou een van julle sou vir hulle sê: 'Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg,' maar julle gee nie aan hulle wat hulle nodig het nie, wat help dit dan?"*

Barmhartigheid is dus liefde in aksie. Die **navolging** van **Jesus** sluit **onafwendbaar** in dat jy, vanuit jou **liefde vir God**, by jou **naaste betrokke** sal wees. Dit mag soms vir ons moeilik wees. Veral as ons via die media gekonfronteer word met misdaad, die afbreek van geboue, protesaksies, vernielsugtigheid, korrupsie ens. Maar vir **Jesus** is **navolging** nie om te **filosofeer** of te **spekuleer** oor die **liefde** nie, maar om die **liefde** te gaan **leef** deur dit te **doen** en in die **praktyk** te **beoefen**. Jesus **haal** met hierdie **gelykenis** die **liefde** uit die **binnekamers** en **kerkgeboue**. Hy laat die **liefde grond vat** daar waar ek en jy die **nood sien** en **hoor**.

Vir **Lukas** bestaan **navolging** van Jesus, of die **doen** van God se **wil**, nie uit **morele, godsdienstige** en **etiese opvattinge** alleen nie. **Geloof** lei tot **aksie**. Jesus, die **eintlike Barmhartige**, kom wys **God se hart** wanneer Hy **siektes genees, mense in nood opsoek** en **noodlydendes se nood verlig**. Daarom wys **Jesus** vir die **wetgeleerde** dat as hy na die **ewige lewe soek**, hy dit sal **vind** in die **liefde** vir **God** wat hom **onmiddellik** en **onafwendbaar** op die **pad** na sy **naaste plaas**.

**Navolgers** van **Jesus vra** nie of iemand hulle **naaste** is nie, hulle **word** die **naaste** vir **enigiemand** wat in **nood verkeer**. Hulle **sien** die **nood** van mense raak, word daardeur **aangegryp** en op **grond** daarvan raak hulle **betrokke** by **veragtes, minderbevoorregtes, behoeftiges**, die wat **troos soek, werkloses** en **diegene** wat op soek is na **hoop**. Hierdie **betrokkenheid** by die **nood** van mense is nooit **beperk** tot ons **eie kring** nie, dit gaan oor **grense** van **geloof, ras en status**. Dit het ons gesien die afgelope tyd toe haweloses in ons kerksaal geslaap het. **Christene** kan gee omdat hulle **reeds ontvang** het! Op die manier bly ons **moderne Samaritane** in talle dade van **nederige diensbaarheid**.

## **WAAR BEGIN EK OM BARMHARTIGHEID TE WYS?**

Daar's **soveel gestaltes** van **nood, gesigte** van **swaarkry**... Waar **begin mens**...? 'n **Goeie plek** om te **begin**, is die **mense/ organisasies** wat jou **lewenspad kruis** (soos in die **gelykenis** van **barmhartige Samaritaan**) of wat die **Here** op jou **pad** laat kom. Goeie plek om te begin is by jou gemeente se barmhartigheid-aksies. Ons gee maandeliks kos aan vele gesinne tot selfs sover as Kayalitshia. Ons het die handsak-projek vir vroue waarby jy betrokke kan raak. Ons het die projek vir kinders.

Kom ons gaan staan buite ons huise van gemak en raak betrokke by hulle wat in nood is. Kom ons gaan **staan** tussen die **mense** wat met die **skerp kant** van die **lewe** te doen het. Hulle wat die **ongenaakbaarheid** en **hardheid** van die **lewe** en **mense** in die **oë** moet kyk. Ons sien **mense** wat nog **geen ervaring** van **genade** of **barmhartigheid** gesmaak het nie. Wat die **Here** nie ken nie. Wie nie Sy liefde ken nie.

**Barmhartigheid** teenoor ander – in al sy **fasette** – is nie 'n **luukse** of 'n **opsionele-ekstra** van die **Christelike geloof** nie. Mens kry soms die **gevoel** dat baie **Christene** dit sien as iets wat wel **mooi** en **prysenswaardig** is, maar darem as **iets** wat nie jou **saligheid** in **gedrang** kan bring nie ..., dat dit **verkieslik gedoen** moet word, maar ook **ewe goed nagelaat** kan word. Jesus sê egter: *“Geseënd is die wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word”*

Met hierdie gelykenis daag Jesus ons uit om ons hart te ondersoek en daarvoor te besin of ek 'n sagte hart het vir noodlydendes? Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan is die meestersverhaal wat vir ons wys hoe belangrik omgee is. Omgee is immers in wese 'n prentjie van wie God as die barmhartige God is (Ps 145:8-9).

## HERE HELP MY

Jy hoor dalk ook **vanoggend** duidelik die **uitdaging** van Jesus aan die **einde** van die **vertelling**: "*Gaan maak jy ook so.*" Maar as jy 'n **gewone mens** soos ek is, moet jy **saam** met my **erken: ek kan nie**. Ek is kwaad, ek is teleurgesteld ek is moedeloos. Hoe kan ek nog vir die mense barmhartigheid betoon. Kyk wat vang hulle alles aan. Om **barmhartig** te wees na **buite** moet iets hier **binne-in** my **verander**. En al **hoe** ek dit gaan **regkry** – **permanent** – is om **naby** aan **die Here te leef**. Dus moet ek bid dat die Here vir my 'n barmhartige hart sal gee. 'n Sagte hart vir ander mense.

**Andrew Murray** het gesê: "*'n Mens se verstand kan oortuig word om om te gee, maar nie om lief te hê nie. 'n Verstand kan in omgee in redeneer word, maar nie in liefde in nie. Maar 'n hart wat in Christus rus, is 'n hart wat leer om lief te hê.*"

## TEN SLOTTE

Ek wil graag vir julle die storie vertel van **Ron Fazio** – 'n **ware verhaal**. Ron Fazio was 'n **toegewyde familieman** en die **bekwame bestuurder** van 'n **maatskappy** in die **Wêreld Handels Sentrum in New York. 11 September 2001** sou egter wys van watter stoffasie Ron regtig gemaak is. Daardie dag, toe die eerste vliegtuig deur die eerste toring bars, het Ron gesorg dat sy werknemers en ander mense op sy vloer veilig uit die gebou kom deur die deure vir hulle oop te hou.

Ron het uiteindelik onder aangekom nadat hy vir al die kollegas aangemoedig het om die gebou vinnig te ontruim en die deure vir hulle oop te hou. Ongelukkig was hy nie ver genoeg van die gebou af toe dit ineengestort het nie, en hy het sy lewe verloor. Ron was onselfsugtig in 'n tyd van onbegryplike vrees.

Ron Fazio was nie 'n brandweerman nie. Hy was nie 'n polisieman nie. Hy was 'n man met 'n barmhartige hart vir ander mense. Daar word verder vertel dat Ron se familie 'n organisasie tot sy

nagedagtenis gestig het. Die naam van die organisasie is heel gepas: HOLD THE DOOR FOR OTHERS INC. Hierdie organisasie se doel is om mense te help wat op die een of ander manier verlies ervaar het.

Vriende, hierdie "hou die deur oop" storie is 'n uitstekende beeld om barmhartigheid te verduidelik. As jy barmhartigheid wil bewys, vra dit van jou onselfsugtigheid. Dit vra van jou om ook die deur na God se hart vir ander oop te hou. Dit vra van jou 'n aksie – 'n opoffering – Hou die deur oop.

## GEBED

Barmhartige Christus, U het u liefde vir ons gewys in genesing, vergifnis en geregtigheid, deur Uself te gee aan ons en vir ons, in u lewe en opstanding.

Tog is ons stadig om te vergewe en te dien. Ons wil eers ons eie behoeftes bevredig hê, voordat ons na ander omsien. Ons gee nie van onself nie, maar kies om eerder ons veiligheid, gemak en voorregte te behou.

Vergewe ons. Genees ons. Leer ons om lewens van medelye en barmhartigheid te leef, in navolging van U voorbeeld.